# Ontmoeting 26

# Waar is God?

## Bybelteks

1 Konings 8:1-11

## Kernwaarheid

God is oral teenwoordig, nie net in tempels of kerkgeboue nie.

## Weet meer

**Wie?**

- Salomo en die oudstes van Israel.
- Die verbondsark.

**Waar?**
Jerusalem

**Wat?**
In 1 Konings 8 lees ons van die inwyding van die tempel en van die verbondsark wat in die Allerheiligste van die tempel geplaas word. Die doel van die ark was om God se verbond met die Israeliete te simboliseer. Die ark is oorspronklik tydens die oorlog as 'n simbool van God se teenwoordigheid gebruik (1 Sam 4–6; 2 Sam 6). God se teenwoordigheid het vir die Israeliete 'n gevoel van sekuriteit gegee.

Die verbondsark word vanaf die ou stad van Dawid na die tempel in Jerusalem gedra. Tot nou toe was die verbondsark in 'n tent wat Dawid daarvoor opgerig het (2 Sam 6:17). Dit was die oudstes van die volk se voorreg om die ark tot by die tempel te dra. Daar word nie spesifiek na groepe mense verwys nie; "al die manne" (1 Kon 8:2) dui op die universele sosiale groep, juis omdat die tempel ook ten doel gehad het om 'n kragtige verenigende simbool te wees.

Die manne het die verbondsark na die tempel gedra, maar van daar het die priester die verbondsark in die Allerheiligste geplaas. Dit was die gebruik dat net heilige persone soos priesters en Leviete toegelaat is om een keer per jaar in die Allerheiligste in te gaan.

Die verbondsark het net die twee kliptafels bevat wat op die berg Horeb aan Moses gegee is. Die tempel, die verbondsark en die kliptafels simboliseer die verbond wat God met die volk Israel gesluit het nadat hulle uit Egipte bevry is. Die wolk wat die tempel gevul het, was ʼn aanduiding van God se teenwoordigheid en goedkeuring.

**Waarom?**

In die Bybelse tyd het die tempel God se teenwoordigheid gesimboliseer. Vir baie mense was hierdie heilige plek die enigste ruimte waar hulle God se teenwoordigheid ervaar het. Die volk sou van ver af kom om by die tempel te aanbid of die Joodse feeste te vier. Ongelukkig het daar ook baie reëls en gebruike rondom die tempel ontstaan wat mense daarvan weerhou het om God se teenwoordigheid te ervaar.

In die Nuwe Testament word daar op verskeie plekke na die tempel en God se teenwoordigheid verwys. Jesus word as die tempel beskryf omdat God in Jesus by ons teenwoordig is. In 1 Korinthiërs 6:19-20 skryf Paulus dat gelowiges die tempel van die Heilige Gees is omdat God by ons teenwoordig is. Toe Jesus aan die kruis sterf, skeur die voorhangsel van die Allerheiligste (Matt 27:51) as teken dat God se teenwoordigheid nie ingeperk word nie en dat almal toegang daartoe het.

Wanneer ons vandag, met die Nuwe Testament in gedagte, 1 Konings 8 lees, word ons daarvan bewus dat God van die begin af by sy mense teenwoordig was. In die Ou-Testamentiese tyd het die tent van ontmoeting, en later die tempel, as simbool hiervan gedien. Vandag weet ons God word nie in ʼn gebou vasgevang nie; Hy bly nie in ons kerkgebou nie. Hy is oral deur sy Gees by ons teenwoordig. Ons lees ook op ander plekke in die Bybel dat ons nie mense van God se teenwoordigheid kan weerhou nie. Almal is welkom by God (Hand 8:26-40).

## Bring saam

- **Druk die gebedslabirint uit**.

## Leef saam

### HUISGELOOF

### WELKOM

Gesels saam:

- Wat is julle elkeen se gunstelingtyd van die kerkjaar of julle gunstelingtradisie by die kerk (voorbeelde: begin van die jaar, Lydenstyd, Paasfees, Pinkster, Kersfees, basaar)? Hoekom sê julle so?

Die verhaal wat ons vandag gaan lees, vertel van 'n besonderse tyd in Israel se geskiedenis: die inwyding van die tempel. Die tempel was baie spesiaal, want dit het God se teenwoordigheid gesimboliseer. Die tempel was die plek waar die Israeliete God kon aanbid.

### WONDER

Lees 1 Konings 8:1-11 saam.

Gesels saam:

- Hoe dink julle het die Israeliete oor die tempel gevoel?
- Vertel van 'n keer wat jy naby aan God gevoel het. Waar was dit? Wat het gebeur?

Vandag weet ons dat God nie net in tempels of kerke teenwoordig is nie, maar dat Hy deur die Heilige Gees oral en by elkeen van ons teenwoordig is (1 Kor 6:19).

## WEES

Omdat God by ons is, hoef ons nie na ʼn spesiale plek te gaan om Hom te aanbid nie. Ons kan God enige tyd en op enige plek aanbid.

Gesels saam:

- Hoekom is dit dan belangrik om wel by ʼn gemeente betrokke te wees?

Doen die **volgende gebedslabirint** as huisgesin saam. Gee vir elkeen in die gesin ʼn beurt om die paadjie met hulle vinger te trek.

## WEGSTUUR

Stap deur julle woonbuurt. Gesels saam oor die dinge wat julle raaksien en oor hoe God in julle buurt betrokke is.

# Gebed labirint

*Volg die spoor met jou vinger en gebruik die emoji's om te bid*

- Introspeksie -hoe was my week en waar het ek God raakgesien?
- Wat het my hartseer gemaak?
- Wat het my kwaad gemaak?
- Sondebelydenis - waaroor moet ek jammer sê?
- Waaroor is ek bly?
- Waarvoor is ek dankbaar?
- Loof en prys die Here!
- Vir wie kan ek bid?
- Vir watter nood kan ek bid?
- Watter beloftes gee Jesus vir my?

